

“DIE BLINKKLIPPIE”

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 24 - nr. 4)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

28 Januarie 2024

EREDIENS dr. Petrus Venter

Erediens – 9h30

LITURGIESE GEGEWENS

Skriflesing: 1 Timotheus 1: 12 - 20

Teks: 1 Timotheus 1:15b

VOORAF SANG: Ps. 65: 1,3

TYDENS EREDIENS: Ps. 92:1,6;

Ps. 71: 1, 10; Ps. 102: 1,8; Ps. 119:49, 55

EK, DIE HEEL GROOTSTE SONDAAR?!

15 Dit is 'n betroubare woord en kan sonder voorbehoud aanvaar word: Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos. Van hulle is ek die grootste. (1983 Vert).

15 Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red, van wie ek die vernaamste is. (1933 '53 Vert)

15 Dié uitspraak is betroubaar, en werd om ten volle aanvaar te word, dat Christus Jesus na die wêreld gekom het om sondaars te verlos, van wie ek die heel grootste is. (2020 Vert)

1. Christus se koms na die wêreld.
2. Hy het gekom vir sondaars.
3. Hoe 'n groot sondaar is ek?

Vooraf sang: Ps. 65:1,3

Ontmoetingsdiens

Votum

Lofsang: Ps. 92: 1, 6

Geloofsbelydenis

(Apostoliese Geloofsbelydenis)

Wet

Ps. 71: 1, 10

Woorddiens

Gebed

Sing: Ps.102: 1, 8

Skriflesing: 1 Timotheus 1:12-20

Teks: 1 Timotheus 1: 15b

Preek

EK, DIE HEEL GROOTSTE SONDAAR?!

Dankgebed

Kollekte

Liefdesdiens kollekte – Diakonie (DVB)

By die deure – Teologiese Studentekas

Slotsang

Sing-

Ps. 119: 49, 55

Wegstuurseën

KOLLEKTES

28 Januarie 2024

In die banke: DVB (Diakonie)

By die deure: Teologiese Studentekas

Sondag 4 Februarie 2024

In die banke: DVB (Diakonie)

By die deure: Expando

U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ...

WYK – DIENSBEURT

Sondag – 28 Januarie 2024 Wyk 7

Ouderling: Wolfie Reinecke

Diaken: Johan Reinecke

VERJAARSDAE

25 Jan Lientjie van der Walt
27 Jan Miemie Snyman
29 Jan Adriaan Coetzee
14 Feb. Lombard Niesing
16 Feb. Johan Reinecke
21 Feb. Jolané Muller
22 Feb. Janika Johnston
22 Feb. Marie Nel
23 Feb. Pieter du Plessis
25 Feb. Reitz Coetzee
26 Feb. Mientjie Burger
27 Feb. Annie v/d Linde

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

LIEF EN LEED

Almal wat in hierdie tyd ongesteld is, operasies ondergaan het of nog moet ondergaan, ons bid u Gods seën op 'n spoedige herstel toe.

Sr Marie Nel het geval en ernstig besering opgedoen. Ons vertrou sy is op die pad van herstel. Mag die Here haar in die tyd in besonder dra.

Sr Daleen Erasmus bid ons in die tyd God se nabyheid toe in wat 'n baie groot operasie vir haar is. Sy word DV 29 Januarie geopereer.

Sr Kobie Reinecke bly in ons gebede waar sy baie dae met groot pyn en ongemak moet voortgaan. Ons dink ook aan haar in die tyd van behandeling.

Lisa Reinecke was ook vir ondersoek by dokter. Ons is dankbaar dat dokter van mening is operasie nie op die stadium nodig is nie.

OORSIGTELIK FINANSIËLE STAND VAN GEMEENTE

Dankoffers ontvang in vorige finansiële jaar	R642 335-00
Totaal van dankoffers vir huidige boekjaar	R564 435-00
Totaal van dankoffers vir Desember 2023	R49 250-00
Totaal van dankoffers vir Januarie tot op hede	R26 950-00
Kermis inkomste vir 2023	R244 791-78
Werklike inkomste vorige finansiële jaar	R 1 229 127-71
Werklike uitgawes vorige finansiële jaar	R 1 262 182-08
Ramings per lidmaat per jaar (ingesluit Klassis en Streeksinode)	R670-00 per lidmaat per maand

Voorsitter is oudl. Albertus Viljoen (082 808 4168)

DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai.

U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Ons dankbaarheid voor die Here moet altyd eerste staan. **Ons het ook 'n nuwe artikel in die verband bygevoeg. Wyle ds. Ben Fourie het ook baie goed die saak kon uiteensit.** U kan dit lees by

<https://bit.ly/3j1e2xT>

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: <http://bit.ly/2SxThy0>

KATEGESE

Laerskool kategeese gaan voort. Nuwe boeke is bestel.

Ons Hoërskool -katkisanter is daar op 7 November 2023 'n YouTube opname gemaak en nuwe les is deurgegee. Die laaste les is beskikbaar by <https://youtu.be/drksXTBCUFO> Al die lesmateriaal vir ons Hoërskool jeug is ook op ons webwerf beskikbaar. Die Geloofsleer boek waaruit hoofsaaklik gewerk word kan by <https://bit.ly/3RdpJDz> afgelaai word. Ons sal DV die komende week weer ons elektroniese lesse hervat.

BYBELSTUDIE - <https://youtu.be/TPKsvWDgnCs>

Ons het ons Bybelstudies rondom die groot tema van Gebede uit die Here se Woord afgesluit. Ons het na 30 gebede in die reeks gekyk. Die laaste Bybelstudie was 'n gebed van die Heilige Gees Self. *Amen, Kom Here Jesus* U kan in die Bybelstudie deel by <https://youtu.be/TPKsvWDgnCs>

HUIS JAN VORSTER (HJV)

Ons is dankbaar dat u die belange van hierdie tehuis ook in u hart, gebede en beursies met u saamneem. Die afgelope sustersaamtrek wat op 11 Maart gehou was het groot hoeveelhede toilet en ander higiëniese produkte aan Ouetehuis kon skenk. Ons is dankbaar daarvoor. Daar het ook kontant-skenking vanaf diakonie van Gerf Kerk Kimberley vir HJV ingekom. Daarvoor is daar ook groot dankbaarheid.

VSOD (VERENIGING VIR SENDING ONDER DUITSSPREKENDES)

Ons as gemeente is op 'n besondere wyse met die roeping en sendingwerk van dr. Victor d'Assonville in Duitsland verbind. Hy is deur ons ingevolge Artikel 7 Kerkorde beroep en na Duitsland gestuur. Hy is tans rektor by 'n Teologiese Skool in Duitsland. Laat ons voortdurend sy roeping en werk biddend voor die Here bring en dat dit geseënd mag wees. As u meer wil uitvind oor die kerklike toestande in Duitsland en die groot nood dat teologiese opleiding aldaar moet kan plaasvind gaan na www.vsod.co.za. Op Facebook kan u gaan na bit.ly/2OoU0nf

Die VSOD stel ons in Postmasburg in staat dat daar volhoubaarheid in die werk kan wees. As u dit oorweeg om ook finansiële tot hierdie baie groot opdrag by te dra, al is dit dalk net met 'n R100 per maand, kontak asb. vir dr. Petrus.

Ons dink ook aan die gevaarlike verwickelinge aan die Oos-Europese grens op die stadium. Daar is deur dr. d'Assonville al op 'n besondere wyse ook in die Oekraïne gewerk en na gereformeerdes in die geweste uitgereik. Ons dink aan ons mede-broeders en susters in die oorlogsgebeure in hierdie land.

Dit is met dankbaarheid dat ons besef daar is heelwat gemeentes en individue wat hierdie bediening volhoubaar ondersteun. Ons vertrou dat nog meer gemeentes betrek kan word.

ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik.... Ons het die publikasie van prof. PW Buys rondom DANS – 'n gereformeerde etiese-studie ook opgelaa

U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

KERKRAADSAKE

VERGADERINGS:

Diakonievergadering – 18 Februarie 2024

Kerkraadsvergadering- 18 Februarie 2024

Dorkasvergadering- 18 Februarie 2024

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg

Posbus 74 Postmasburg

E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 **Nuwe selnommer 064 558 7204** (Oue werk ook nog!)

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Leendert Snyman	083 286 8496	leendert270@gmail.com
Admin Beampte	Vakant	084 704 234 8	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak. Johan Reinecke	082 579 8572	johanreinecke@yahoo.com
Koster	Br. Francois Marais	076 612 2255	
Kassier	Oudl. Albertus Viljoen	082 808 4168	ajviljoen@soetfontein.co.za
Sendeling	Dr. Victor d'Assonville	0049 1755063249	vicdas@rtsonline.de

Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>

<http://bit.ly/2Ydk7wK>

STATISTIEKE VORIGE SONDAE

Erediens bywoning 21/1	58
Kollekte Diakonie 21/1	R1 688-00
Kollekte (Deure) 21/1	R696-50
Dorkas susters met Nagmaal-ete 19/11	R876-00
SnapScan en elektroniese bydraes diakonie	

GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Kerkkas	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782



Snitte vleis is daar nog van oor. U kan vir br Francois Marais nader as u van die vleis wil aankoop. Hy is Woensdae nie beskikbaar nie. Op enige van die ander dae is hy vanaf 8h00 tot net na 10h00 by kerk. Hy kan geskakel word by 076 612 2255. Of anders kan u dr. Petrus of sr Christine ook kontak as u op ander tye gehelp wil word. Petrus se nommer is 084 704 2348. Christine se nommer is 084 511 9620. Ons hoop dat ons spoedig die voorraad mag uitput?

Dieselfde water draai die wyse se meule wat die dwaas se grond verspoel. (CJ Langenhoven).